**6 Januarie** **Skrifgedeelte: Jeremia 31:7-14**
**Fokusgedeelte: Jeremia 31:10**

**Ook die rystoel is 'n preekstoel**

Die Here maak heel wat stukkend, verniel en verstrooid is (vs 10). Dit is die goeie nuus wat die Here deur Jeremia laat aankondig. Dit is die evangelie. Pragtig ontvou dit in hierdie profesie van Jeremia! Die nuwe begin word nie in menslike krag gemaak nie: Daar is juis plek vir gestremdes en vir diegene wat hulleself nie in 'n noodsituasie kan help nie (vs 8; vgl. ook Matt 24:19). Al wat dié mense kan bydra, is trane en smeekgebede (vs 9). Maar God sal sorg. (Let op die herhaling van "Ek" en "my" in hierdie verse.) Hierdie optog van blindes en kreupeles, swanger vroue en vroue in kraam, betraandes en verstrooides laat 'n mens dink aan die mense wat Jesus gevolg het (vgl. Mark 2:7-10).

Dit is die goeie nuus: As jy aan jou kragte en vermoë twyfel, onthou dan dat die Here Jesus juis vir diésulkes gekom het. Ook die siekekamer is God se werkkamer, en die rystoel kan 'n preekstoel wees.

Die seën van die Here op en oor elke lewensterrein word in hierdie Skrifgedeelte sterk beklemtoon. God se spesiale verhouding met sy volk kring wyer uit en trek ander volke nader. Dit lê 'n getuienis in hulle mond (vs 10) – 'n getuienis wat ook oor ons lippe moet kom; 'n getuienis wat die opgestane Here Jesus met sy hemelvaart opgedra het aan sy volgelinge toe Hy gesê het (Matt 28:19): "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels ..." Ons is deel van God se grondpersoneel en opgeneem in die netwerk van sy koninkryk.

*Sing: Psalm 68:9* *Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)*